

Sing vooraf: Psalm 92:3 (p. 465)

- 3 Hoe groot is, HEER, u werke, / hoe diep gaan u beleid!
Hoe reik u moëndheid / oor alle aardse perke!
Maar dwase sit gevange / en in hul waansin vas;
hul weet nie dat hul ras / sal struikel in hul gange.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 4:2 (p. 15)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 25:9 (p. 117).

Wet

Psalm 25:9 (p. 117)

- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Gebed

Psalm 145:1, 2 (p. 696)

- | | | | |
|---|--|---|--|
| 1 | U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid,
wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone oorstraal,
wil ek verhoog in onvermoeide taal. | 2 | Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid
wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet,
dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet. |
|---|--|---|--|

Skriflesing: Lukas 23

Teks: Lukas 23:34

En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daarvoor gewerp.
(Lukas 23:34 AFR1953)

Mense wat in onkunde lewe kan dink dat hulle reg optree, maar dan kan hulle dinge doen wat teen die heiligheid van God ingaan. Kyk net watter ongeregtheid en wreedheid het die kerkleiers aan die Here Jesus gedoen.

Let op die volgende:

- 1. Wreedheid op sy ergste**
- 2. Die Here Jesus praat.**

1. Wreedheid op sy ergste

Die Here Jesus word gekruisig. Dit was werklik die wreedste en oneerbaarste dood wat mens kon sterf.

- Hierdie manier van doodmaak was so afskuwelik dat die Romeinse owerheid verbied het dat hierdie vorm van doodsvonnis oor enige van sy burgers voltrek mag word.
- Tog is dit oor die Here Jesus voltrek.

Dit was 'n baie wrede proses wat gevolg is om iemand aan die kruis vasgekap te kry!

- Net voor hulle hierdie mens aan die dwarsbalk vasgetimmer het, het hulle eers sy arms en heupe uit potjie/uit lit gedraai.
 - Dit was sodat die kruiseling nie kon terugveg wanneer hulle die penne begin vasslaan deur sy arms en bene nie.
- Daarna is die man tot op die maksimum toe uitgerek wanneer die penne deur hom gedryf is, sodat hy so reguit as moontlik aan die kruis kon bly hang wanneer hulle dit regop getel het.

In die hof het die Here Jesus stilgebly toe hulle Hom beskuldig het en Hom ondervra het. Maar tydens die kruisiging was dit heeltemal anders. Terwyl Hy gekruisig is en terwyl Hy aan die kruis gehang het, het Hy gepraat.

Ons verwys altyd na die sewe kruiswoorde. Maar dis nie waar dat die Here Jesus net sewe keer gepraat het nie. Die vorm waarin die volgende woorde “**En Jesus sê**” in die Griekse teks staan, dui daarop dat die Here Jesus die woorde wat daarop volg, aanhoudend gesê het (want dit is in 'n onvoltooide tydsvorm geskryf!):

Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.
(Lukas 23:34 AFR1953)

Die woorde is 'n gebed. Dit is inderdaad meer as 'n gebed, want die woorde van die gebed is die opsomming van die Here Jesus se Wese en dit wat Hy kom doen het:

- Hy is Middelaar en Versoener tussen sondaarmense en God die Almagtige.
- Sy opdrag van die Vader was om vergewing van sondes aan verlore mense te kom bedien.

Daarom is die feit dat die Here Jesus hierdie gebed voortdurend bid, so geweldig belangrik.

- Daar bid Hy dat die Here daardie mense moet vergewe.
- Intussen het Hy weggevaar hemel toe – en Hy bid nog steeds. Ons weet Hy is ons Voorbidder aan die regterhand van die Vader – en ons bely Hom ook so.

Dit laat mens wonder: Wat bid die Here Jesus nou daar in die Hemel vir ons? Die antwoord is dat Hy steeds die inhoud van hierdie gebed van die kruisigingsdag bly bid:

Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!

Wie moet vergewe word?

Die werklike antwoord is: **Die wat nie weet wat hulle doen nie!**

Die Here Jesus gebruik 'n woord vir **weet** wat beteken dat dit wat hulle nie weet nie, 'n soort van kennis is wat meer is as kennis wat jy deur ondervinding opdoen. Die woord beteken eintlik dat dit 'n soort van weet is wat sielskennis is – of 'n absolute oortuiging van jou siel.

Daar is nog 'n ander woord ook wat **weet** of **ken** beteken. Die apostel Paulus gebruik daardie woord in 1 Korintiërs 2:8:

Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie — want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlijkheid nie gekruisig het nie.

(1 Korintiërs 2:7-8 AFR1953)

Die Here bid dus vir mense wat verskriklike dom (geloofs)dinge doen omdat hulle glad nie kan onderskei wat besig is om te gebeur nie. Sulke mense besef daarom ook nie die gevolge van hulle dade nie.

Kyk nou terug na die kruisiging toe en sien die mense wat **nie weet nie**:

- Verseker het Hy gebid vir die Romeinse soldate wat Pilatus se opdragte uitgevoer het.
 - Hulle het verseker nie geweet en besef wat hulle besig was om te doen nie!
 - Hulle was maar net soldate wat hulle dagtaak uitgevoer het soos wat hulle opdraggewers hulle beveel het.
 - Let op dat die Here Jesus se gebed ten opsigte van die soldate dadelik al verhoor is:
En toe die hoofman oor honderd sien wat daar gebeur, het hy God verheerlik en gesê: Waarlik, hierdie man was regverdig.
(Lukas 23:47 AFR1953)

- Verder het die Here Jesus natuurlik ook gebid vir die wat Hom oorgelewer het aan Pilatus. Hulle was die wat van beter moes geweet het, maar wat glad nie verstaan het wát hulle moet weet nie.

Jesus antwoord: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde.

(Johannes 19:11 AFR1953)

- Die massas wat deur die Sanhedrin misbruik is om te skreeu dat Jesus gekruisig moet word, is ook by hierdie gebed ingesluit, want hulle het beslis nie geweet wat hulle doen nie. Hulle het hulle leiers vertrou.
- Wat van ons? Weet ons altyd wat ons doen? Verseker weet ons nie, daarom was die kruisdood van die Here Jesus ook vir ons sondes wat ons met berekende moedswilligheid doen – terwyl ons van beter behoort te weet.

Vir hierdie mense bid die Here Jesus: **Vader, vergeef hulle!**

- Die vorm waarin die werkwoord **vergeef** staan, wys duidelik dat hierdie gebed om vergifnis nog met hierdie mense wat die Here Jesus op daardie oomblik gekruisig het, 'n pad gaan loop.
- Die saak word nie met die gebed dat hulle vergewe moet word, afgehandel nie.

Daarom gebeur Pinkster. Dieselfde mense is weer saam. Dié keer is daar net baie meer mense uit meer volke by. Die Here Jesus het vantevore al belowe dat Hy 'n ander Trooster sal terugstuur.

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: (Johannes 14:16 AFR1953)

Met Pinkster gebeur dit. Petrus preek dat op bekering die gawe van die Heilige Gees sal volg.

En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Handelinge 2:38 AFR1953)

Met Pinkster is die Heilige Gees uitgestort – Hy het sy intrek gemaak in die kerk op die aarde.

Vergifnis van God se kant af moet ook saamgaan met berou en bekering van die sondaar se kant af! Daarom word die mense wat die Here laat kruisig het, direk aangespreek:

Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet – Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring;” (Handelinge 2:22-23 AFR1953)

Die gebed dat die Vader die wat die Here Jesus gekruisig het, moet vergewe, roep hulle nou in God se genade op na God se troon toe sodat hierdie saak in die reïne gebring kan word.

Hulle reageer toe positief daarop!

Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring. En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede. (Handelinge 2:41-42 AFR1953)

Kom sit aan die tafel van die Verlosser wat u met hierdie sakrament weer verseker dat Hy u met verlossing en volkome vergifnis bedien.

Hy het self sy gebed dat ons sondes vergewe word, waar gemaak, en verseker ons nou daarvan.

Amen.

Gebed

Skrifberyming 10-2:1 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose. / Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Formulier

Af tafel toe: Psalm 23:2, 3 (p. 107)

Tydens Nagmaal: Psalm 116 (p. 569); Psalm 118 (p. 575)

Slotgebed

Slotpsalm 73:11, 12 (p. 369)

11 Wie het ek in die hemel, HEER –
wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig,
hom op die aarde in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart
of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed
my rots, my deel, my ewige goed.

12 Wie ver van U sy weg wil gaan,
stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het,
in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot,
as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel
om al sy werke te vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

*Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Mei 2007 Nagmaal*